

Lêerno.: 22/2/6/1
Verwysing: 20240201-1420

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0003/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore),
Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer,
Vakadviseurs en Prinsipale van vaardigheidskole en gewone openbare skole

Onderwerp: Verlenging van die proefprogram vir beroepsgerigte vakke in gewone openbare skole in 2024 ter voorbereiding van volle implementering in 2025

1. In 2017 het die Raad van Onderwysministers goedkeuring verleen vir 'n proefprogram wat die implementering van 'n loopbaangerigte kurrikulum in vaardigheidskole behels. Hierdie proefprogram is in 2020 voltooi en die volle implementering daarvan het in 2021 begin.
2. Omsendbrief S10 van 2022, gedateer 19 November 2020, is gevolglik uitgereik en is as Bylae A by hierdie minuut aangeheg. Dit verskaf leiding aan skole rakende die implementering van die beroepsgerigte kurrikulum en 'n proefprogram vir die implementering van die beroepsgerigte kurrikulum in gewone openbare skole.
3. In die bogenoemde omsendbrief is toestemming dus verleen aan gewone openbare skole wat toegerus is om dienste en tegniese vakke aan te bied om met ingang van 2021 beroepsgerigte vakke in graad 8 te implementeer, met die proefprogram wat in 2022 tot graad 9 gestrek het.
4. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het in Mei 2023 Omsendbrief S13 van 2023, gedateer 10 Mei 2023, uitgereik. Dit is as Bylae B by hierdie minuut aangeheg. In hierdie omsendbrief is skole wat die proefprogram vir die beroepsgerigte kurrikulum implementeer, in kennis gestel van die verlenging van die proefprogram en die toename in die programaanbieding vir die proefprogram.
5. In September 2023 het die DBO aan die Raad van Onderwysministers verslag gedoen dat die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir hierdie vakke gereed was om as beleid in die Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R tot 12 gelys te word. Die Raad van Onderwysministers het daarna die insluiting goedgekeur. Gehalteversekering van die KABV word tans gedoen, wat insluit dat dit taalkundig versorg en aangepas word. Derhalwe is

hierdie weergawe nog nie gepromulgeer nie. Dit hou implikasies in vir volskaalse implementering in 2024.

6. Die doel van die bovermelde omsendbrief is om skole in kennis te stel dat die volle inwerkingstelling uitgestel is, asook die voortsetting van die proefprogram in 2024 sodat die nodige prosesse voltooi kan word, en om skole genoeg tyd te gee om vir implementering in 2025 voor te berei.
7. Die protokolle wat gevolg sal word om die nuwe vakke aan te bied, sal in ooreenstemming wees met Omsendbrief 0036/2021, gedateer 18 Junie 2021.
8. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike personele by die skool te bring.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-02-07